

**11 Augustus      Skrifgedeelte: 2 Samuel 19:40-20:26; Fil 2:1-11**  
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 20:7-10**

### **Bitterheid besoedel**

Joab, eertydse leërhoof van Dawid, was 'n onverskrokke soldaat. Hy en sy manskappe was die eerste wat Jebus, die latere Jerusalem, binnegeval het (1 Kron 11:6). Daarna het hy die leër van Dawid in die een oorwinning na die ander aangevoer.

Ons weet nie presies waarom Dawid juis vir Amasa in sy plek as leërowerste aangestel het nie. Dawid het nie altyd beheer oor die eiesinnige Joab gehad nie. Joab het byvoorbeeld vir Abner, die eertydse leërhoof van Saul, op 'n bedrieglike wyse vermoor - tot groot verleentheid van Dawid (2 Sam 3:28,29). Joab het Absalom téén die uitdruklike bevel van Dawid doodgemaak (2 Sam 18:14). Dawid kon dit nog altyd teen hom gehou het. Dawid het Amasa, 'n neef van Joab, in sy plek as bevelvoerder van die leër aangestel. Joab was verbitterd! Tot watter uiterstes verbittering 'n mens kan dryf, bewys die sinlose moord op Amasa.

Jy weet uit eie ervaring hoe jaloesie, bitterheid en selfbejammering jou selfbeheersing toets. Jy gee ook soms aan bitter gedagtes vrye teuels. Pasop! Dit kan jou in 'n onbewaakte oomblik tot groot onverantwoordelikheid dryf (Heb 12:15).

Die Here waarsku: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe" (Spr 4:23).

Jy moet nooit toelaat dat Satan 'n vatkans op jou kry nie. Daarom dring God daarop aan dat ons uit dankbaarheid steeds dieselfde gesindheid as Jesus Christus sal hê (Fil 2:5).

*Sing: Skrifberyming 33:1,3      Ds APC Duvenage (Emeritus)*